| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | BESIGHEIDSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat u die vrae beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings en dek die volgende **TWEE** onderwerpe: **BESIGHEIDSONDERNEMINGS** en **BESIGHEIDSROLLE.**

   **AFDELING A:** **AL** die vrae in hierdie afdeling is **VERPLIGTEND**.

   **AFDELING B:** Bestaan uit **DRIE** vrae: een vraag per onderwerp en ’n kombinasievraag wat albei onderwerpe dek.
   **Beantwoord enige TWEE vrae.**

   **AFDELING C:** Bestaan uit **TWEE** vrae, een uit elke onderwerp.
   **Beantwoord slegs EEN vraag.**

2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en let op die vereistes.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Alle antwoorde moet in volsinne wees behalwe waar ander instruksies gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van die vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n riglyn vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| **A** | Meervoudigekeuse, voltooi die stelling en pas items **VERPLIGTEND** | 1 | 30 | 30 |
| **B** | Drie direkte/indirekte vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **TWEE** | 2–4 | 2 x 40 (80) | 2 x 30 (60) |
| **C** | Twee opsteltipe vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **EEN** | 5–6 | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: VERPLIGTEND

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Werknemers wat met ’n ... leier werk, voel meer bemagtig omdat hulle by die besluitnemingsproses betrokke is.

A vrye-teuels

B outokratiese

C demokratiese

D charismatiese

1.1.2 Hierdie faktor verwys na die duur en/of tyd wat ’n belegging gehou kan word voordat dit ontrek word.

A Risiko

B Beleggingstydperk

C Inflasiekoers

D Persoonlike begroting

1.1.3 Diskriminasie, onregverdige behandeling en swak werksomstandighede is voorbeelde wat ’n … in die werkplek kan veroorsaak/skep.

A grief

B oplossing

C konflik

D strategie

1.1.4 Werknemers kritiseer openlik, sonder vrees, die veranderinge wat bestuur wil maak. Hierdie stelling verwys na ... as ’n mensereg in die werkplek.

A vryheid van spraak en uitdrukking

B vryheid van beweging

C die reg om aan ’n wettige staking deel te neem

D veilige en gesonde werksomstandighede

1.1.5 Sandy, die HUB van Shares Ink, gebruik tabelle om die finansiële jaar se opbrengste aan te dui. Hierdie is 'n voorbeeld van 'n … aanbieding.

A verbale

B blaaibord

C uitdeelstukke

D nie-verbale

(5x2) **(10)**

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) wat hieronder gelys word, te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| Nominale groep; vorming; leiers; likiditeit; onbeperkte;<br>bestuurders; beperkte; Delphi-; belasting; norm |

1.2.1 Die gedrag, waardes en werksetiek van volgelinge word dikwels deur ... beïnvloed.

1.2.2 Die ... van 'n belegging word bepaal deur die gemak en spoed waarmee beleggers 'n belegging in kontant kan omskep.

1.2.3 Almal kry die geleentheid om tot die bespreking by te dra om te verhoed dat een persoon die proses oorheers. Dit is van toepassing op die … tegniek.

1.2.4 Die aanspreeklikheid van 'n eenmansaak is ... omdat die persoonlike besittings van die eienaar verkoop kan word om die skuld af te betaal indien hy bankrot verklaar word.

1.2.5 Individuele spanlede versamel inligting en indrukke oor mekaar en die omvang van die taak wat voorlê tydens die ... stadium van spanontwikkeling.

(5x2) **(10)**

1.3 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met die term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Vaste eiendom | A | Verduidelik hoe besighede hul prosesse bestuur om hul belang-hebbendes op ’n positiewe manier te beïnvloed. |
| 1.3.2 | Koöperasie vereniging | B | ’n Belegging oor die lang termyn met ’n lae risiko. |
| 1.3.3 | Ekonomiese reg | C | Verduidelik hoe effektief ’n taakmag werk en bedryf. |
| 1.3.4 | Spandinamieka teorieë | D | Besighede plaas geld in hulpbronne vir ’n spesifieke projek wat die lewens van gemeenskappe sal verbeter. |
| 1.3.5 | Korporatiewe Maatskaplike Investering | E | ’n Groep mense met gemeenskaplike belange, hulpbronne en infrastruktuur wat van voorneme is om kostes te deel om ’n beter uitkoms te behaal. |
| | | F | ’n Belegging om die besigheid uit te brei in ruil vir aandele met ’n hoë risiko. |
| | | G | Verseker dat werknemers billike lone en gelyke betaling vir gelyke werk ontvang. |
| | | H | Besighede plaas geld daarin om hul werkers met respek en waardigheid te behandel deur werk wat goed gedoen is, te erken. |
| | | I | Verseker dat mense van verskillende etniese oorsprong mekaar in die werkplek verdra. |
| | | J | ’n Groep mense wat nie van plan is om ’n besigheid vir wins te stig nie, maar vir die doel van openbare voordeel. |

(5x2) **(10)**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

# AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER voorbeelde van nie-versekerbare risiko's. (4)

2.2 Beskryf die betekenis van verpligte versekering. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BEMARKINGSMEESTERS (BM)**

Bemarkingsmeesters (BM) spesialiseer in die ontwerp van bemarkingsveldtogte vir maatskappye wat nuwe produkte bekend stel. Jeff, die HUB van BM, laat werknemers toe om besluite oor hul eie werk te neem om hulle te motiveer en te lei om die vasgestelde doelwitte te bereik.

2.3.1 Identifiseer die tipe leierskapstyl wat die HUB van BM in die bostaande scenario toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)

2.3.2 Verduidelik situasies waarin die leierskapstyl wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is, in die werkplek toegepas kan word. (6)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Sylvia wil 'n bedrag van R30 000 in 'n vaste deposito by SAC Bank belê. Die bank het vir haar 12% rente per jaar aangebied, wat op die oorspronklike beleggingsbedrag, oor 'n tydperk van twee jaar bereken word.

2.4.1 Identifiseer die tipe rente wat SAC Bank aan Sylvia in die bostaande scenario aangebied het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)

2.4.2 Bereken die rentebedrag wat Sylvia na twee jaar van SAC Bank sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.5 Verduidelik hoe bestuur kan bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n vennootskap. (4)

2.6 Bespreek die eienskappe van 'n openbare maatskappy. (6)

2.7 Beveel faktore aan wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word. (6)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige VIER voorbeelde van onprofessionele sakepraktyke. (4)

3.2 Identifiseer die probleemoplossingstap in ELK van die volgende stellings.

3.2.1 T&S Vervaardigers het besef dat daar 'n afname in die verkoopinkomste is wat hul winsgrens beïnvloed.

3.2.2 Miranda, die uitvoerende bestuurder, het verseker dat die mees effektiewe oplossing by die grootte en hulpbronne van die besigheid pas. (4)

3.3 Onderskei tussen *korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV)* en *korporatiewe maatskaplike investering (KMI)*. (8)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| **KLEINHANDEL WERWERS (KW)** |
|---|
| Kleinhandel Werwers (KW) spesialiseer in die werwing van werknemers vir besighede wat op hul databasis geregistreer is. James, die kantoorbestuurder, het die nuwe werknemers gevra om idees te deel oor hoe om KW se stelsels en prosesse te verbeter. Hulle het heelwat verskille en struikelblokke gehad terwyl hulle mekaar se idees gekonfronteer het. |

3.4.1 Noem die stadium van spanontwikkeling in bostaande scenario waarin die nuwe werknemers by KW hulself bevind. (2)

3.4.2 Omskryf hoe besighede konflik in die werkplek moet hanteer. (6)

3.5 Verduidelik die toepassing van die kragveld-ontledingstegniek deur besighede. (6)

3.6 Bespreek die verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek. (4)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede armoede as 'n diversiteitskwessie in die werkplek kan hanteer. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige VIER soorte voorkeuraandele. (4)

4.2 Identifiseer die vorm van eienaarskap in ELK van die volgende stellings.

4.2.1 Die hoofdoel van hierdie maatskappy is om ’n diens te lewer met die doel om al die winste vir sy primêre doelwit te gebruik.

4.2.2 Die regering is die hoofaandeelhouer in hierdie maatskappye en hulle neem die rol van kommersiële onderneming namens die regering aan. (4)

4.3 Bespreek hoe ’n aanbieder op ’n professionele, nie-aggressiewe wyse op vrae moet reageer. (6)

4.4 Adviseer besighede oor die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

### BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem VIER sosiale regte vir werknemers in die werkplek. (4)

4.6 Omskryf die positiewe impak van die Delphi-tegniek op besighede. (4)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| **GEÏNKORPOREERDE REKENMEESTERS (GR)** |
|---|
| Jeff is ’n nuut-aangestelde werknemer by Geïnkorporeerde Rekenmeesters. Gedurende die eerste paar dae het die HUB besef dat Jeff altyd agter sy lessenaar met oorfone op is en nie tydens middagetepouses met ander werknemers meng nie. |

4.7.1 Noem die tipe moeilike persoonlikheid wat Jeff in bostaande scenario toon. (2)

4.7.2 Verduidelik maniere waarop besighede moeilike persoonlikhede in die werkplek kan hanteer. (6)

4.8 Evalueer die negatiewe impak van Korporatiewe Maatskaplike Investering (KMI) op gemeenskappe. (4)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord slegs **EEN** vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (VERSEKERING)

Besighede kan die belangrikheid en impak van versekering en assuransie onderskat. Die beginsels van versekering verseker regverdige en billike transaksies tussen die versekeraar en versekerde. Sommige besighede beskou die registrasie van werknemers by die vergoedingsfonds as 'n administratiewe las.

Skryf 'n opstel oor beleggings (versekering) waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Omskryf die verskille tussen *versekering* en *assuransie*.
- Verduidelik enige DRIE beginsels van versekering.
- Bespreek die voordele van versekering vir besighede.
- Adviseer besighede oor die vergoedingsfonds in terme van WVBBS as 'n tipe verpligte versekering. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (ETIEK EN PROFESSIONALISME)

Professionele gedrag vorm deel van sakepraktyke wat werknemers se reaksies op sekere omstandighede beïnvloed. Sake-eienaars sal saamstem dat onetiese sakepraktyke 'n negatiewe invloed op hul besighede het. Besighede wat voortdurend strategieë ontwikkel en implementeer, hanteer die gevolge van onetiese sakepraktyke beter.

Skryf 'n opstel oor etiek en professionalisme waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Omskryf kortliks die verskille tussen *etiese gedrag* en *professionele gedrag*.
- Verduidelik DRIE onetiese sakepraktyke wat 'n uitdaging vir besighede inhou.
- Bespreek hoe besighede elkeen van hierdie onetiese sakepraktyke kan hanteer.
- Beveel maniere aan waarop besighede professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk kan uitvoer. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**